

BENODIGDHEDE: Ongeveer 550 g wit DMC Nr. 5 (50-g-bolle); hekelpen van 1,75 mm.

MATE: Een groot motief is 19 cm in deursnee, en 'n opvulmotief 7 cm.

AFKORTINGS: gs - glipsteek; ks - kettingsteek; kb - kortbeen; hlb - halflangbeen; lb - langbeen; p(s) - picot(s) (= 5ks, gs in 1e ks); klawerblaar (= 3 opeenvolgende picots, saam afgewerk by eerste kettingsteek van eerste picot); osk - oop skulp (= 1lb, 2ks, 1lb) in dieselfde steek; om eerste oop skulp van 'n rondte te hekel word 5ks (i.p.v. 1lb en 2ks), plus 1lb in dieselfde steek gehekel.

Let Wel: Die tafeldoek bestaan uit groot motiewe, wat met opvulmotiewe tussenin saamgevoeg word om 'n reghoek te vorm.

GROOT MOTIEF: Begin met 10 ks, sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: 24kb in ring.

2e rondte: 7ks (= 1lb plus 4ks), slaan 2 ste oor, * 1lb in vlg kb, 4ks, slaan 2 ste oor; herh van * nog 7 keer — 8 sps.

3e rondte: * 1kb in lb, (1hlb, 5lb, 1hlb) in elke sp; herh van * rondom — 8 blomblare.

4e rondte: gs oor eerste 3 ste, * 1kb in middelste lb van blomblaar, 7ks; herh van * rondom.

5e rondte: 10kb in elke 7ks-sp.

6e rondte: gs oor eerste 2kb, * 1osk in 3e kb, 3ks, slaan 4kb oor, 1osk in 8e kb van dieselfde groep, 3ks; herh rondom — 16 osk.

7e rondte: * (1lb, 1 klawerblaar, 1lb) in osk-sp, 2ks, 1kb in sp, 2ks; herh van * rondom.

8e rondte: gs oor eerste p, * 1kb in middelste p van klawerblaar, 9ks; herh van * rondom.

9e rondte: 10kb in elke sp.

10e rondte: 1kb in elke kb.

11e rondte: Soos 6e rondte, d.w.s. 32 osk gevorm, eindig in plaas van met 3ks met: 1ks, 1lb in 3e begin-ks.

12e rondte: * 1osk in 2e ks van 3ks-sp, 3ks; herhaal rondom.

13e rondte: Soos 7e rondte.

Vlg 4 motiewe: Word aan voorafgaande motiewe vasgehekel by picots, soos volg: Verbind 5 picots, slaan 3 picots oor, om 'n klein motief daaraan te kan vashekel, en hekel elke verbinding soos volg: 1p, 2ks, gs vas aan middelste picot, 2ks, sluit picot soos uiteengesit.

KLEIN MOTIEF: Hekel 10ks, sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: 24kb in ring.

2e rondte: 6ks (= 1lb plus 3ks), * 1lb in kb, 3ks, slaan 1kb oor — 12 sps, en eindig met gs in 3e begin-ks.

3e rondte: 1kb in lb, 3kb in sp.

4e (verbinding) rondte: * (1lb, 1 klawerblaar, 1lb) in middelste kb van sp, 2ks; hekel verbindings soos uiteengesit.

AFWERKING: Hekel soveel groot motiewe soos nodig en heg die groot motiewe aan mekaar vas soos uiteengesit.

Hekel genoeg klein motiewe om tussen groter te pas, en verbind hulle by 3 opeenvolgende picots, soos op foto gesien kan word.



Gehekel om te lyk na knoopwerk

